

Dinsdag 3 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 6:33-40 (1983- of 2020-vertaling)

Fokusgedeelte: Rigters 6:34

God rus ons toe en gebruik ons in sy diens ten spyte van ons eie swakheid

God se Gees rus ons toe om uitvoering te gee aan God se opdragte aan ons. Tog gebeur dit dat 'n gelowige terugdeins vir die take wat hy of sy moet verrig in God se diens.

Toe God se Gees van Gideon besit geneem het (vs 34), het hy dadelik begin om sy taak aan te pak:

- Hy het verskillende groepe Israëliete opgeroep om hom te volg vir die oorlog teen die Midianiete en hulle bondgenote.
- Toe die mense egter reg was vir die geveg, het Gideon teruggedeins.
- Dieselfde het ook eerder gebeur, met gevalle soos Rigters 6:13, 15 en 27. God het hom geroep en die Gees het hom toegerus.
- Tog huiwer hy weer, soos dit blyk uit sy versoek oor die vag en die dou – twee keer.

God het egter nie sy rug op Gideon gedraai nie, maar twee keer aan sy versoek voldoen. Daarna was Gideon bereid om sy taak aan te pak, soos dit duidelik word in die volgende hoofstuk.

Jesus is ook toegerus om sy taak te verrig – om ons deur sy dood en opstanding te bevry, nie van mense nie, maar van ons sonde. Hy het ook geworstel met dit wat Hy moes doen, soos blyk uit die gebeure by Getsemane (Mark. 14:32-42). Die beker is egter nie van Hom weggeneem nie. Hy het van Getsemane verder gegaan, tot by die kruis op Golgota. Ná sy opstanding was dit duidelik dat Hy nie teruggedeins het om ons te verlos nie.

Wanneer ons geroep word om in God se diens op te tree in die kerk, maar ook in die wêreld, moet ons nie dat ons eie swakheid en twyfel ons verhinder nie. Die Gees rus ons toe om God se werk te doen. So bou ons God se koninkryk waarin Hy die eer kry, nie ons nie.

Sing: Psalm 46-1:1

Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus)